

**5 Mei**

**Skrifgedeelte: Johannes 5:15-23**

**Fokusgedeelte: Johannes 5:17**

### **God is 'n hardwerkende God**

God openbaar Hom aan ons in wat Hy doen. Die Bybel sou 'n baie dun boek gewees het indien God Hom slegs deur enkele definisies aan ons sou openbaar.

Jesus het gesê dat Hy juis na hierdie wêreld gekom het om die werk van die Vader te kom doen. Hy het dit egter nooit op sy eie gedoen nie en daarom het Hy dikwels gebid – selfs nagte deur. Tog het Hy aan die kruis deur bange Godverlatenheid moes gaan om ons weer met God te versoen. Die vrug daarvan vir ons werksituasie is dat niemand ooit weer sonder God hoof te werk nie!

Mens is so geneig om jou werk en godsdiens te skei. Dikwels gebruik mense juis hulle werksdruk as verskoning om hulle verhouding met God af te skeep. Werk begin dan hulle god word wat hulle hele lewe in beslag neem. Wanneer dit gebeur, bly hulle gesondheid en ook verhoudings soos dié met hulle familie en vriende dikwels ook in die slag.

Moenie sonder God probeer werk nie! Ons is gemaak om 'n lewende verhouding met die lewende God te hê. Moenie jou verhouding met God afskeep nie. Moet veral nie jou werkslading as 'n verskoning vir 'n swak verhouding met God aanvoer nie! Die manier waarop ons ons werk doen en die plek wat dit in ons lewens inneem, moet deel wees van 'n lewende verhouding met God. Wanneer jy jou werk so benader, sal jy verstom staan oor die seën wat jy ervaar!

*Sing: Psalm 40:4 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)*